Getuig in jou werk deur hoe jy werk en hoe jy optree teenoor ander

Luther Backer
http://www.ngvishoek.co.za/index.php?option=com_content&view=article&id=278%3Agetuig-in-jou-werk-deur-hoe-jy-werk-en-hoe-jy-optree-teenoor-ander&Itemid=105

Wat sê die Bybel oor hoe moet Christenwerknemers hulle gedra?

Bestuurders van ondernemings- groot en klein- kan die volgende voorskrifte in die Bybel vind aangaande vereistes waaraan hulle werknemers moet voldoen.

Dit kan as riglyne gebruik word by opstel van werknemers se jaarlikse prestasie- en gedragsdoelwitte:
Doen waarvan jy houPrediker 11:9 – Doen wat jy goedvind en waarvan jy hou, maar moenie vergeet dat God van jou rekenskap sal e is oor alles nie.
Benut al jou kanseKolossense 4:5- Maak die beste gebruik van elke geleentheid.Lukas 19:11-27- Die gelykenis van die 10 goue muntstukke.
Ontwikkel jou talente1 Timoteus 4:14- Moenie die genadegawe wat jy het verwaarloos nie.
Werk met toewydingPrediker 9:10- Doen met toewyding alles wat jou hand vind om te doen,…
Eer God met jou werkKolossense 3:23- Wat jy ook al doen, doen dit van harte soos vir die Here en nie vir mense nie, omdat julle weet dat julle van die Here as beloning sal kry wat Hy belowe het. Christus is die Here in wie se diens julle staan.
Moenie net op jou eie insigte staatmaak nieSpreuke 3:5- Vertrou volkome op die Here en moenie op jou eie insigte staat maak nie.Spreuke 3:7- Moenie dink jy het die wysheid in pag nie, dien die Here en vermy wat sleg is.

Moet jou nie oor allerhande dinge bekommer niePrediker 11:10- Hou kommer uit jou hart en vermy wat jou liggaam kan kwaad doen.
Wees rustig in jou werk - voorkom spanningPrediker 10:4- ……kalmte voorkom groot foute……..
Doen altyd die regte dinge en bly weg van die kwaad af1Petrus 3:12(NLV)- Die Here sorg vir dié wat reg doen, en Hy luister na hulle gebede.1Petrus 3:11(NLV)-Bly weg van die kwaad af, ja doen wat goed is. Soek vrede, ja, jaag dit na!
1Moenie hoogmoedig wees nieSpreuke 3:34(NLV)-Hy is goed vir hulle wat nederig(‘beskeie’ in 83vertaling) is.Spreuke 8:13- Om die Here te dien, is om te haat wat verkeerd is. Daarom haat ek hoogmoed en hovaardigheid, ‘n verkeerde lewe en slinkse woorde.
Beheer jou humeurSpreuke 14:17- Wie kort van draad is, begaan dwaashede;…
Wees gehoorsaam aan hulle wat gesag oor jou hetEfesiërs 6:5-8(NLV) – Julle slawe, wees gehoorsaam aan julle aardse dienaars. Respekteer en eerbiedig hulle

sonder om skynheilig te wees. Gehoorsaam hulle soos julle Christus sou gehoorsaam. Moenie mense probeer tevrede stel deur net gehoorsaam te wees wanneer hulle julle kan sien nie. Nee, werk as slawe van Christus wat met volle oorgawe God se wil doen. Doen julle werk entoesiasties, asof julle dit vir die Here doen en nie vir mense nie. Julle weet mos dat die Here elke mens wat sy werk goed doen, sal beloon, of dit nou slawe is of vry mense.

Wees taktvol met menseSpreuke 3:21(NLV)- My seun, moenie takt en oorleg uit die oog verloor nie. Bly altyd oplettend en versigtig. Dit sal jou lewe verryk en eer en agting vir jou bring.

Hê geduld met moeilike mense2Timoteus 2:24(NLV)- Die Here se diensknegte moenie twis nie, maar moet goed gesind teenoor almal wees. Hulle moet bekwaam wees om mense doeltreffend te onderrig en geduldig wees met moeilike mense.1Petrus 3:9(NLV)- Moenie kwaad met kwaad vergeld nie. Moenie iemand wat julle beledig, terugbeledig nie. Inteendeel, jou antwoord moet ‘n seënwens wees.

Stel ‘n goeie voorbeeld aan ander1Petrus 2:12(NLV)- Handhaaf ‘n voorbeeldige leefstyl onder die nie-Christene, selfs al kla hulle julle aan van wangedrag. Hulle sal dan julle goeie gedrag sien en God die eer daarvoor gee wanneer Hy kom rekenskap vra.

Getuig voor ander oor wat God vir jou beteken1Petrus 3;15- Wees altyd gereed om ‘n antwoord te gee aan elkeen wat van julle ‘n verduideliking eis oor die hoop wat in julle lewe. Maar doen dit met beskeidenheid en met eerbied vir God.

Help ander waar en wanneer jy kanSpreuke 3:27-28 – Moenie ‘n weldaad weerhou van iemand aan wie dit toekom, terwyl dit in jou mag is om dit te bewys nie. Moenie vir iemand sê:”Gaan eers terug en kom môre weer, dan help ek jou,” as jy nou reeds kan help nie.

Vra God wat Sy wil vir jou isKolossense 1:9(NLV)- Ons vra God dat Hy geestelike wysheid en insig aan julle sal gee sodat julle heeltemal seker sal wees van wat Hy wil hê.

Kry jou krag van die HereSpreuke 10:29- Om te leef soos die Here dit wil, is die krag van die opregte.Hebreërs 13:6- Daarom kan ons met vertroue sê: “Die Here is my helper, ek ken geen vrees nie: wat kan ‘n mens aan my doen?”

Gaan gereeld kerk toeSpreuke 8:34- Dit sal goed gaan met die mens wat na my luister, die mens wat elke dag na my huis toe kom en op my drumpel staan en wag.

Bron: ekerk

NGVishoek: Ds. (dominee) Martin Barnard.